1. 20 voëls sit op die dak. 7 voëls vlieg weg. Hoeveel <u>voëls</u> is daar nou op die dak?

2. Erna het lekkers gehad. Sy gee vir Koos 2 lekkers. Nou het sy 10 lekkers oor. Hoeveel <u>lekkers</u> het sy aan die begin gehad?

3. Daar is 3 nessies in die boom. In elke nes is daar 5 eiers. Hoeveel <u>eiers</u> is daar altesaam?

4. Daar is 10 mense op die trein. By die stasie klim 4 mense af en 2 mense klim op die trein. Hoeveel <u>mense</u> is nou op die trein?

5. Hoeveel <u>bene</u> het 'n hond, 'n kat en 'n voël altesaam?

6. Daar is 30 appels aan die boom. Bobbejane kom en pluk 10 appels. Hoeveel <u>appels</u> is nou oor aan die boom?

7. Marie het 5 paar sokkies. Hoeveel <u>sokkies</u> moet haar mamma was as sy elke sokkie wil was?

8. Ouma koop 24 appels en 3 lemoene. Hoeveel <u>vrugte</u> het sy altesaam gekoop?

9. Ons blaas ballonne op vir die partytjie. Ons het 30 balonne opgeblaas, maar 4 het gebars. Hoeveel <u>ballonne</u> bly oor?

10. Piet het albasters. Jaco gee vir hom nog 10 albasters. Nou het hy 30 albasters. Hoeveel <u>albasters</u> het hy gehad?

11. Die kat vang elke dag van die week 3 muise. Hoeveel <u>muise</u> het hy altesaam na 5 dae gevang?

12. Sonja het 10 storieboeke. Ben het 8 boeke meer as Sonja. Hoeveel <u>storieboeke</u> het Ben?

13. In die kamp is 5 bokke. Hoeveel <u>bene</u> het hulle altesaam?

14. Jan se kat het 12 kleintjies. Hy verkoop 6 daarvan. Hoeveel <u>katjies</u> het hy nog oor?

15. Ek het 25 albasters. Ek wen nog 7 albasters, maar verloor weer 8. Hoeveel <u>albasters</u> het ek nou?

16. Daar is 27 eiers in die mandjie. Ek val en 3 eiers breek. Hoeveel <u>eiers</u> is nog heel?

17. Kobus het 3 karretjies. Sy nefie het 3 karretjies en Albert het 3 karretjies. Hoeveel <u>karretjies</u> is dit altesaam?

18. Hoeveel <u>tone</u> is daar aan 6 voete?

19. Ek het vir 5 kinders elkeen 6 lekkers gegee. Hoeveel <u>lekkers</u> het ek altesaam weggegee?

20. Verdeel 20 klippe tussen 2 kinders dat albei ewe veel kry. Hoeveel <u>klippe</u> kry elke kind?

21. Ek het 5 balonne en Rina het 12 ballonne. Hoeveel <u>ballonne</u> het Rina meer as ek?

22. Daar is 15 kinders. Hoeveel <u>oë</u> het hulle altesaam?

23. Daar is 20 hasies in die hokkie. In die veld hardloop nog 12 hasies. Hoeveel <u>hasies</u> is daar altesaam?

24. Karen het 4 poppe. As Petro 3 poppe weggee, sal sy net soveel soos Karen hê. Hoeveel <u>poppe</u> het Petro?

25. Hoeveel vingers is daar aan 3 hande?

26. Danie het 10 sterretjies in sy boek. As Ryno nog 5 sterretjies kry, sal hy net soveel soos Danie hê. Hoeveel sterretjies het Ryno?

27. Ek betaal 20 sent vir 'n lekker, 40 sent vir springmielies en 30 sent vir 'n koekie. Hoeveel sent het ek altesaam betaal?

28. Daar loop 3 miere op die tafel. Nog 6 miere kom by, maar 2 miere val af. Hoeveel miere is daar nou op die tafel?

29. Daar is 7 perde in hulle stalle op die plaas. Daar is nog stalle vir 10 perde. Hoeveel perde sal die boer hê as al die stalle vol is?

30. Daar was 30 rowers in die trunk. 5 rowers ontsnap. Hoeveel rowers is nou oor in die tronk?

31. Johan het 30 albasters. 15 is rooi en die res is blou. Hoeveel blou albasters het Johan?

32. In elke pakkie is 4 koekies. As daar altesaam 12 koekies in die bak is, hoeveel pakkies is oopgemaak?

33. Tannie Lenie het 27 koeke gebak. Sy verkoop 3. Hoeveel koeke is nog oor?

34. Hoeveel hande het 7 kinders altesaam?

35. 40 mense moet in minibusse vervoer word. Elke minibus kan 10 mense vervoer. Hoeveel minibusse is nodig?

36. Mamma koop 4 houertjies met eiers. As daar 6 eiers in elke houertjie is, hoeveel eiers het Mamma altesaam gekoop?

37. Die skool het 28 tennisballe. Die kinders kan net 24 tennisballe kry. Hoeveel <u>tennisballe</u> is weg?

38. Ek het 12 somme gedoen. André het 11 somme gedoen en Leon het 7 somme gedoen. Hoeveel <u>somme</u> het ons altesaam gedoen?

39. Jasper het 8 paar skoene in sy kas. Hoeveel <u>skoene</u> is dit altesaam?

40. Anna het 3 katte, 2 honde en 4 witmuise. Hoeveel <u>oë</u> het haar diere altesaam?

41. Hoeveel <u>wiele</u> het 8 driewiele?

42. Daar is 12 mense in die hyser. Op die eerste vloer klim 3 mense uit en op die volgende vloer klim 4 mense uit. Hoeveel <u>mense</u> is nou nog oor in die hyser?

43. Lena het 28 lekkers. Sy gee 6 lekkers vir 'n maat en eet 5 lekkers op. Hoeveel <u>lekkers</u> het sy nog oor?

44. Hoeveel <u>ore</u> het 6 koeie altesaam?

45. Ek koop 'n karretjie vir R5, 'n beertjie vir R10 en 'n vlieër vir R8. Hoeveel <u>R</u> het ek vir alles betaal?

46. Hannes is 20 jaar oud. Hy is 10 jaar ouer as Dolf. Hoe <u>oud</u> is Dolf?

47. Linda het 5 rooi krale, 5 groen krale, 5 blou krale en 5 geel krale. Hoeveel <u>krale</u> is dit altesaam?

48. Ek het 90 sent. Ek spandeer 50 sent. Hoeveel <u>sent</u> het ek nog oor?

49. Jakobus het 10 kersies op sy verjaarsdagkoek. 6 kersies bly brand. Hoeveel kersies het hy doodgeblaas?

50. Marius koop 2 lekkers. Elke lekker kos 40 sent. Hoeveel sent kos die lekkers altesaam?

51. Op die tafel staan 4 blompotte. As ek in elke blompot 9 blomme wil sit, hoeveel blomme het ek nodig?

52. Willem loop 3 km in 'n uur. Hoeveel km sal hy in 3 uur loop?

53. 'n Winkelier verkoop potlode in pakkies met 5 potlode in elk. Hoeveel pakkies kan hy maak as hy altesaam 35 potlode het?

54. Riaan lees 'n boek met 40 bladsye, As hy alreeds 15 bladsye gelees het, hoeveel bladsye moet hy nog lees?

55. 20 kinders kom na my partytjie toe. 12 is seuns en die res is dogters. Hoeveel dogters is by my partytjie?

56. Juffrou gee vir elke kind 10 tellers. Hoeveel tellers het sy nodig vir 8 kinders?

57. Maandag het Pappa 15 plantjies geplant en Dinsdag nog 12. Hoeveel plantjies het hy altesaam geplant?

58. In ons klas is daar 18 seuns en 15 dogters. Hoeveel kinders is daar altesaam in ons klas?

59. Ek spaar elke dag 50 sent. Hoeveel sent gaan ek hê nadat ek altesaam 10 dae gespaar het?

60. Die tou is 60 cm lank. Hoeveel cm moet ek afsny as ek net 25 cm nodig het.